

Gereformeerde Kerk Bellville – 19 April 2019 – Goeie Vrydag

Sing vooraf staande: Psalm 118:13, 14 (p. 579)

- 13 Geseënd is die grote Koning / wat aankom in die HEER se Naam;
geseënd uit die HEER se woning / is volk en Koning altesaam.
Die HEER, die God van ons betroue, / Hy kom ons met sy ligglans teen;
bind dan die offerdier met toue / en lei dit na die altaar heen.
- 14 U is my God, ál my verlange; / U prys ek om u majesteit.
My God, U loof my lofgesange / van nou af tot in ewigheid.
Loof almal saam met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd;
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 33:1, 6 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde^{en} lof verklank!
- 6 Die HEER se raad word nooit gekeer nie; / dit sal bestaan in ewigheid.
Teen sy besluit is geen verweer nie; / bestendig duur dit vir altyd.
Salig wie tevore / deur Hom is verkore / as sy erf en lot;
wie so hoog geëer is, / dat dié HEER húl HEER is / en dié God húl God.

Gebed

Psalm 40:3, 4 (p. 205)

- 3 Grootmagtig was u daad. Hoe meld my mond / u wonders so oneindig ryk?
Wie is op aarde^{aan} U gelyk? / Wie kan, o HEER, u grootheid ooit deurgrond?
Geen gawe^{of} offerande, / gebring deur mensehande, / was ooit u wil of eis.
U het my oor deurboor, / dat ek u woord kan hoor / as hoogste dankbewys.
- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;
diep in my ingewand / waar liefde^{en} ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Skriflesing: Romeine 3:9-31

Kernverse: Romeine 3:24-26

Hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God om sy geregtigheid te toon in die teenwoordige tyd, sodat Hy self regverdig kan wees en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is. (Romeine 3:24-26 AFR53)

Tema: Hoekom God 'n sondaar regverdig kan verklaar

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, in 'n stadium het Jesus in die dorpe noord van die See van Galilea gepreek en wonderwerke gedoen. Die hartseer was dat hierdie dorpe waarin Jesus die meeste van sy wonderwerke gedoen hulle nie van hulle sondes bekeer het nie. Daarom het Jesus hierdie dorpe se mense verwyt en onder andere vir die mense van Kapernaüm gesê:

En jy, Kapernaüm, wat tot die hemel toe verhoog is, jy sal tot die doderyk toe neergestoot word; want as in Sodom die kragtige daade plaasgevind het wat in jou plaasgevind het, sou hy bly staan het tot vandag toe. Maar Ek sê vir julle dat dit vir die land van Sodom verdraagliker sal wees in die oordeelsdag as vir jou.
(Matteus 11:23-24 AFR53)

Wanneer 'n mens hierdie woorde van Jesus onthou en in Romeine 3 hoor hoe lyk alle mense in die oë van die Here, besef 'n mens twee dinge. In die eerste plek, daar is nie een mens wat goed is nie. Almal is sondaars en staan voor die heilige God skuldig. Daarom verdien alle mense om net een uitspraak uit die mond van die Here te hoor: Skuldig tot die dood toe! En in die tweede plek, daar is grade van skuldig wees. Jesus sê self dat 'n gruwelike sondige plek soos Sodom dit draagliker sal hê in die oordeelsdag as Kapernaüm.

Alhoewel Sodom dit draagliker sal hê as Kapernaüm in die dag van oordeel, sal albei veroordeel word. Alhoewel daar 'n verskil is tussen mense se sondes, staan alle mense skuldig voor die Here. Dit is soos 'n Engelse prediker¹ dit gestel het: Die prostituut, leuenaar en moordenaar ontbreek aan die heerlikheid van God, maar so ook ek en jy. Die prostituut en moordenaar staan miskien op die bodem van 'n diep put en ek en jy staan op die spits van 'n berg, maar ek en jy kan net so min aan die sterre raak as wat hulle daaraan kan raak.

Die prentjie wat vir ons in Romeine 3:9-20 geskilder word, is 'n droewige gesig. Alle mense is deur die bank skuldige sondaars. Geen mens kan iets doen sodat God 'n ander opinie oor hom kan vorm as die een wat Hy in hierdie verse sê Hy het nie. Die mens kan self niks doen sodat God hom anders as ander mense sal beoordeel nie. Maar uit die hele gedeelte van Romeine 1:18 af kom 'n mens agter dat wat mense ook al doen en dink dat hulle daarmee God se opinie oor hulle sal verander, kry dit ook nie reg nie. Alles wat 'n mens self wil doen om God te beïndruk, skiet ver tekort, want dit is onvolmaak en onvoldoende.

Tog merk 'n mens van vers 21 af 'n groot wending op in hoe God met mense maak. Luister net na hierdie wending:

Maar nou is die geregtigheid van God ... deur die geloof in Jesus Christus geopenbaar vir almal en oor almal wat glo. (Romeine 3:21 e.v. AFR53)

En wat behels hierdie geregtigheid? Kyk, die antwoord is in vers 24: Sondaars word geregverdig!

Wat bedoel die Heilige Gees wanneer Hy sê dat sondaars geregverdig word? Dit is die eerste vraag wat Hy vir ons gaan beantwoord. Daarna gaan Hy vir ons aantoon hoekom God sondaars regverdig kan verklaar. Ons gaan sien waaruit hierdie regverdiging ontspring, die rede waarom God sondaars regverdig en die middel waardeur sondaars deel kry aan die regverdiging.

¹ Biskop Handley Moule soos aangehaal deur John Stott in *The Message of Romans*

Broers, susters en kinders, wanneer ons lees dat God sondaars geregverdig het, verstaan baie mense onder die begrip *geregverdig* dat God maar net 'n sondaar vryspreek van sy skuld. Wanneer 'n regter iemand in 'n hofsak vryspreek, beteken dit dat daardie mens onskuldig is aan die misdaad waarvoor hy aangekla was. Maar in die regsak tussen die heilige God en die sondige mens is dit nie so dat die mens onskuldig is nie. Die mens word nie onbillik behandel wanneer hy as aangeklaagde voor God te staan kom nie. Die Heilige Gees toon dit baie duidelik aan: alle mense is skuldige sondaars.

Indien God die skuldige mens maar net vryspreek, sou dit beteken dat die mens maar kan gaan. Die Here laat hom maar net vry gaan en hy hoef nie die straf wat sy sonde verdien te dra nie. Maar wanneer God die skuldige mens regverdig verklaar dan sê die Here in werklikheid: Kom in my koninkryk in, want jy is welkom om my liefde en teenwoordigheid te geniet.

Om die onderskeid tussen vrypraak en regverdiging nog duideliker te maak, stel ons veroordeling en regverdiging teenoor mekaar. Wanneer iemand veroordeel word, word daar verklaar dat die aangeklaagde skuldig is en daarom die straf verdien of werd is. Maar wanneer iemand regverdig verklaar word, word daar verklaar dat dit onbillik sal wees om die mens te straf. Wanneer God 'n skuldige sondaar dan regverdig verklaar, word hy vrygespreek van die straf omdat daar nog iets buitengewoon gebeur het. Aan die skuldige sondaar word die volmaakte gehoorsaamheid en voldoening van Christus toegereken. Dan behandel die Here daardie mens asof hy nooit sonde gehad of gedoen het nie, asof hy self net so volmaak gehoorsaam soos Christus is. Daarom is so 'n mens welkom om die liefde en teenwoordigheid van God te geniet.

Om te mag hoor dat God skuldige sondaars regverdig verklaar, is soos 'n sprankelende stroom vars water te midde van die besoedelde strome waarmee 'n mens aanhoudend te doen kry. Waaruit borrel hierdie stroom vars water? Daar is net een plek, of eerder net een Persoon, uit wie so 'n stroom van sprankelende water kan opborrel. Dit is God self. Kyk hoe sê die Gees dit in vers 24: **Hulle word deur sy genade geregverdig.**

Die inisiatief of onderneming om mense te verlos is van die begin tot die einde God die Vader s'n. In sy genade het God self besluit om mense te verlos. Dit is tog nou al duidelik dat die besluit om mense te verlos nie by die mens lê nie. Die mens is hopeloos verlore en skuldig. Hoe sal hy nou ooit vir God kon oorreed om hom te verlos. Van nature is die mens net oor homself besorg. In sy verskroeiende hart is daar nie plek vir God of vir ander mense nie.

God alleen het uit genade besluit Hy gaan mense verlos. En sy Seun het Hom gewillig aan hierdie besluit van die Vader onderwerp. Daarom lees ons in Hebreërs dat die Seun gesê het:

Kyk, Ek kom ... om u wil te doen, o God. (Hebreërs 10:7 AFR53)

Die begin van die verlossing van mense is dus God die Vader self. Deur sy genade sonder verdienste regverdig Hy mense. Genade is die vrye en onverdiende guns wat God alleen kan bewys. Genade is God wat 'n opstandige mens liefhet met 'n menslik onverklaarbare liefde. Genade is God wat neerbuig vanuit sy heilige woning in 'n sondige wêreld in. Genade is God wat Homself tuismaak tussen mense wat niks van Hom wil weet nie, maar Hy kom om hulle te red. Genade is God wat Homself in oorvloed gee in en deur sy Seun Christus.

Dit bring ons by die rede waarom God sondaars regverdig kan verklaar. Met ander woorde, op grond waarvan kan die heilige God vir 'n volslae sondaar sê dat hy glad nie meer skuld het nie en dat Hy hom van nou af soos sy eie kind gaan behandel? Hoe kan God 'n skuldige sondaar sommer net so vryspreek en hom behandel asof hy nog nooit sonde gehad of gedoen het nie?

Ons vra: Hoe kan God enigsins 'n skuldige sondaar regverdig verklaar omdat die Here dit baie duidelik sê dat Hy nie onregverdigheid kan verdra nie. 'n Onskuldige mens moet onskuldig verklaar word en 'n skuldige mens skuldig. Dit is 'n gruwel in die oë van die Here wanneer 'n skuldige mens onskuldig verklaar word en die onskuldige moet boet vir iemand anders se misdad. En as daar iets is wat nou regtig die Here se toorn opwek, is dit wanneer 'n skuldige met omkoopgeld sorg dat die regter hom kwytsteld, maar die onskuldige mens word 'n regverdige verhoor ontsê. Van Homself sê die Here dat Hy die skuldige nie regverdig sal verklaar nie (Eks 23:7).

En nou hoor ons hier dat alle mense gesondig het en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God en sy mense word deur sy genade sonder verdienste geregverdig. Hoe op aarde kan Paulus dit neerskryf terwyl die Here baie duidelik sê dat nie eers Hy 'n skuldige regverdig verklaar nie? Dit is die vraag wat ons vra. Die heilige God se antwoord op hierdie vraag: Christus en sy kruis.

Sonder Christus en sy kruis sal dit onregverdig wees om 'n sondaar regverdig te verklaar. Sonder Christus en sy kruis sal dit ondenkbaar wees, want so iets sal net onmoontlik wees. En let nou op hoe word Christus en sy kruis aan ons beskryf. Hy is die een wat verlossing bring. God het Hom in sy bloed voorgestel as die versoening. Deur die kruis van Christus bewys God sy geregtigheid oor die sondes van sy mense in die verlede en Hy bewys sy geregtigheid in die teenwoordige tyd.

Die woord wat ons met verlossing is vertaal is 'n begrip uit die markplein, soos die begrip regverdig verklaar uit die hof kom. In die Ou Testament het die Here bepaal dat 'n Israeliet wat weens omstandighede 'n slaaf moes word, hy losgekoop kan word teen 'n vasgestelde losprys. Hy word dus van slawerny verlos. So het die Here sy volk uit Egipte en Babilonië uit slawerny verlos.

Christus het die mense wat sy Vader aan Hom gegee het uit die slawerny van die sonde en die duiwel verlos. Die losprys wat Hy vir hulle betaal het, is sy kosbare bloed. So het Jesus van Homself gepraat:

Want die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie. (Markus 10:45 AFR53)

God het sy eie Seun voorgestel in sy bloed as versoening vir die sonde van mense. In elke ander godsdiens is dit die mens wat iets moet doen om die gode weer gunstig teenoor hulle te stem. Hulle moet offers bring om die gode se woede te laat bedaar. Die Christelike godsdiens is die enigste geloof waar die Here self iets doen om sy eie toorn weg te keer van die mense af.

Die sonde wat ons mense doen, is nie sommer maar net 'n glips wat oorgesien kan word nie. Dit is opstand teen die allerhoogste majesteit van God. Daarom is sy toorn opgewek teen die mensdom. As sy toorn oor die mensdom moet losbreek, sal hulle vir ewig die straf op hulle sondes moet dra in die hel. Aangesien daar niks is wat die sondaar kan doen om God se toorn van hom af weg te keer nie, het die Vader en die Seun al in die ewigheid besluit Christus sal die versoening wees vir mense.

Aan die kruis het die toorn van God oor die sondes van die hele menslike geslag volledig op sy Seun afgekom. Die straf wat die gelowiges verdien het, het Christus in hulle plek gedra. Die dood wat hulle moes sterf, het Christus gesterf. Omdat Christus deur sy Vader verlaat is, kan die gelowige verseker weet dat God hom nooit sal verlaat nie. Trouens, selfs in die uiterste moeilike omstandighede kan die gelowige weet en getroos wees dat Jesus Christus hom van die helse angste en pyn verlos het. Nooit sal die gelowige die straf wat hy verdien het, dra nie. Christus is openlik aan die kruis deur God ten toon gestel as die ver-soening vir die sondes van mense.

In Christus en sy kruis het God sy geregtigheid bewys. Die sonde van sy mense voor die koms van Christus is deur God vergewe. Maar daardie sondes was nog nooit gestraf nie. Die bloed van diere kon nie 'n versoening wees vir die sondes van mense nie en buitendien wil God nie 'n ander skepsel vir die sondes van die mens straf nie. In sy groot verdraag-saamheid het God al die sondes van al sy mense in die Ou Testament ongestraf laat bly.

God het daardie sondes nie ongestraf laat bly om dit maar net oor te sien nie. God se geregtigheid eis dat die sondes regverdig gestraf moet word. Daarom het Hy die straf op daardie sondes en al die sondes van sy mense op sy Seun laat afkom, aangesien Hy die versoening is vir die sondes van mense. En die Seun het Homself uit liefde vir God se mense aan sy Vader onderwerp en die straf gedra.

En nou bewys God sy geregtigheid in die teenwoordige tyd deur elkeen wat in Jesus Christus glo deur God regverdig verklaar word. Daar is niks wat 'n mens kan doen sodat God hom regverdig kan verklaar nie. Christus alleen kon die volmaakte offer bring en Hy het. Om vergifnis van sonde en regverdiging by God te kry, moet jy jou vertrou in Christus en sy volmaakte offer stel. Wie Christus in die geloof omhels se sondes is deur God vergewe. Hy sal nooit meer daaraan dink nie.

En dan sê God nog verder. Hy reken Christus se volmaakte gehoorsaamheid en voldoening aan die gelowige toe. Die gelowige is dan voor die aangesig van die heilige God soos iemand wat nog nooit sonde gehad of gedoen het nie. Ja, die Here sien die gelowige dan aan as iemand wat volkome gehoorsaam is aan Hom soos wat Christus gehoorsaam is aan Hom. Hieraan kry die gelowige deel alleen deur die geloof. Jou geloof verdien niks by God nie.

Jou geloof is 'n gawe wat die Heilige Gees vir jou gegee het. Geloof is die hand waarin jy Christus en al sy volmaakte werk vir jou ontvang. Die Heilige Gees lei ons deur die geloof om Christus en sy werk vir jouself toe te eien.

Geliefde, is jy een van hierdie begenadigdes aan wie die Heilige Gees die geloof in Christus gegee het? Loof die Here vir sy genade wat Hy aan jou betoon het. Sonder enige verdienste van jou kant het Hy jou in Christus geregverdig. Jy is een van hulle teen wie God geen klag meer het nie, want jou skuldbrief is saam met Christus aan die kruis vasgenaai. Mag die Heilige Gees jou lewe so regeer dat jy hoe langer hoe meer as 'n regverdig leef uit dank vir God se genade.

Geliefde, kan jy nog nie elke dag met oortuiging sê dat jy in Christus geregverdig is nie omdat jy so dikwels nog struikel in die sonde en die groot agterstand in jou geloofsbelevens opmerk? Moenie moedeloos word nie. Hou aan om jou geloof in die Woord van die Here te oefen. Vra onophoudelik dat die Heilige Gees kragtig in jou werk.

Die Here belowe dat Hy die geknakte riet sal breek nie. Onthou God gee self die sekerheid van jou regverdiging. Wag geduldig op Hom.

Amen!

Gebed

Slotpsalm 22:9, 10 (p. 102)

- 9 Ek wil, o HEER, u Naam my loflied wy, / in broederkring verkondig en bely hoe goed U my gewees het, hoe naby. / Nakomelinge van Jakob, volk van soveel seëninge, / en Israel, geslag van gunsteling – laat wie God vrees uit altyd wyer kringe / sy lof vertel.
- 10 Die HEER het nooit in die bekommernis / verag, verfoei hom wat ellendig is: toe hy geroep het, was sy antwoord wis. / HEER, álle dinge – my liefde, lof en soetste mymeringe, / uit U is 't ál. Al my geloftes bring ek, en waar u volk vergader is, daar sing ek / met lofgeskal.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
Goeie Vrydag – 19 April 2019